

LAEVELD • LOWVELD

LAEVELD AGROCHEM · Sedert 1991 ·

AGROCHEM

VERBINTENIS TOT VOLHOUBARE VENNOOTSKAP +
EERSTEKLAS AGENTE = **BOERDERYSUKSES**

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net 'n mooi woord. Vennootskap is 'n aksie wat ons deur dik en dun toepas; 'n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

Die skakel tussen jou en ons verbintenis tot vennootskap is ons uithaler-agente.

Op soek na 'n agent:

- wat 24/7 gereed staan om die pad saam met jou te loop, wat sonder skroom in sy motor klim om jou te help met raad en daad, in ruil vir 'n koppie boeretroos?
- wat toegerus is met die jongste kennis en die mees gevorderde tegnologie rakende Laeveld Agrochem se dienste, produkte en presisieboerderymetodes?
- wie se topprioriteit jou boerderysukses is?

JY HET HOM GEKRY!

Johan van Zyl

Malmesbury

Johan het op 'n plaas tussen Darling en Malmesbury in die Swartland grootgeword. Hy het sy skoolloopbaan in die Kaap voltooi, waarna hy by Stellenbosch Universiteit gaan studeer het. Hy het sy liefde vir die buitelug op skool en universiteit deur rugby uitgeleef. Hy het onder andere vir die Majuba-manskoshuis en Maties uitgedraf. Johan is met Lise, 'n onderwyseres, getroud. In sy vrye tyd geniet hy dit om tyd op hulle plaas in die Swartland deur te bring saam met sy vriende, familie en diere.

Na die voltooiing van sy BSc Agric-graad, met Agronomie en Plantpatologie as hoofvakke, het hy sy studies verder voortgesit. Sy Meestersgraad-tesis het op Bewerkingspraktyke, spesifiek in winterreënvalgebiede, gefokus. Sy ses jaar ondervinding in boerderypraktyke in die Swartland, Suid-Kaap en Oos-Kaap, spesifiek in grane, groente en weidings, stel hom in staat om kliënte met kundigheid te ondersteun. Hy is by SACNASP geregistreer en het sy CropLife-kwalifikasie (AVCASA) behaal.

Johan glo in die waarde van presisieboerdery en volg 'n holistiese benadering tot boerdery. Volgens hom is die insette wat die mens tot 'n boerdery se oespotensiaal kan bydra, altesaam 40%. "Omdat water waarskynlik die grootste beperkende faktor in droëland-graanverbouing is, is dit belangrik dat die mens sy deel maksimaal bestuur," sê hy. Johan voel dit is moontlik deur die wye ondersteuningsnetwerk wat Laeveld Agrochem bied.

Sy langtermynbeplanning is om op grondgesondheid en plantvoeding te fokus deur middel van presisieboerdery-beginsels. Hierdie ondersteuning is moontlik danksy die MyFarmWeb-diens wat Laeveld Agrochem bied, in samewerking met Agri Technovation. Johan glo in die beginsel dat indien 'n mens na jou grond kyk, jou grond ook na jou sal kyk.

Johan het van kleins af 'n hart vir landbou en is positief oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika. Hy beskou die uitdagings wat boere daagliks in die oë staar as 'n motivering om nuwe idees vir boerderypraktyke te ondersoek. Hy wil saam met die kundige Laeveld Agrochem-span 'n verskil maak in die doeltreffende verbouing van topgehalte koring, kanola, lupine, hawer, gars en aartappels in die Swartland-omgewing.

Johan glo dat oop en eerlike verhoudings, asook goeie kommunikasie, die sleutel tot sukses is.

GEWASSE: Sojabone, mielies, graansorghum, sonneblomme en katoen
AANBIEDING: Oesbeskerming, Plaagbeheer, Plantvoeding, Presisie dienste

Vir professionele advies kontak gerus vir Johan Tel: 083 700 7014 E-pos: johanvz@laeveld.co.za

Saam boer ons vooruit – Together, cultivating your success